higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

11 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	B		
	1.1.3	C		
	1.1.4	A		
	1.1.5	D		
	1.1.6	A		
	1.1.7	C		
	1.1.8	D		
	1.1.9	C		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	688		
	1.2.2	1 032		
	1.2.3	1 548		
	1.2.4	2 064		
			(4 × 2)	(8)
1.3	1.3.1	Sekuriteite		
	1.3.2	Globalisering		
	1.3.3	Beleggingslikiditeit		
	1.3.4	Ruilhandel		
	1.3.5	Publieke sektor		
	1.3.6	Makelaar		
			(6 × 2)	(12)
				[30]

VRAAG 2

2.1
- Ontwikkeling en verskaffing van toepaslike produkte vir kommersiële en ontwikkelingskliënte
- Hefboomfinansiering van privatesektorbeleggings in die landbousektor
- Ontwikkeling van vennootskappe met tussengangers vir deurlening
- Ontwikkeling van tegnieke vir die finansiering van hoërisikolandbou- en sake-areas
- Ondersteuning van programme van die Minister van Landbou en Grondsake deur die bank se produkte met hierdie programme in ooreenstemming te bring
- Bydra tot plattelandse ontwikkeling (Enige 3 × 2) (6)

2.2 Dit gebeur wanneer iemand anders het wat jy wil hê✓✓ en jy het wat hulle wil hê.✓✓ (4)

2.3
- Seeskulpe
- Koeie
- Sout
- Varke (Enige 2 × 1) (2)

2.4
- Kontant
- Tjek
- Debietkaart
- Kredietkaart
- Aanlynbankdienste
- Elektroniese geld (Enige 2 × 1) (2)

2.5
- Primêre mark vir aandele is 'n mark waarin nuwe aandele uitgereik word.
- Sekondêre mark vir aandele is 'n mark waarin bestaande aandele gekoop of verkoop word. (2 × 2) (4)

2.6
- Nuwe besighede word geskep.
- Meer werksgeleenthede is beskikbaar.
- Dit bring nuwe tegnologie.
- Navorsing word gestimuleer. (4)

2.7
- Basiese materiale
- Olie en gas
- Nywerheidsaandele
- Gesondheidsorg
- Verbruikersdienste
- Telekommunikasie
- Finansiële aandele
- Inligtingstegnologie (Enige 3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 55

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Dit is die voortdurende styging in die algemene prysvlakke van goedere en dienste.✓✓ (2)

3.1.2 Dit is tussen 3% en 6%.✓ Volgens die verslag was inflasie naby die hoogste teen 5%.✓✓ (3)

3.1.3 Met tyd is dit duidelik dat, as gevolg van inflasie, mense nie meer die goedere kan bekostig wat hulle met dieselfde bedrag geld kon koop nie.✓✓ Die waarde van geld verminder.✓ (3)

3.1.4
- Politieke onstabiliteit of korrupte staatsamptenare
- Brandstofprysverhoging (2)

3.1.5 Dit is statistieke wat ons help om te verstaan wat in die finansiële mark en die ekonomie in die algemeen gebeur.✓✓ (2)

3.1.6
- Geldeenhede
- Brent-ruolie
- Goudprys
- Rentekoerse
- Verbruikersprysindeks
- Prys van mielies (Enige 4 × 1) (4)

3.2
- Direkte finansiering vind plaas wanneer fondse van surpluseenhede direk na tekorteenhede vloei.✓✓
- Indirekte finansiering vind plaas wanneer fondse tussen surpluseenhede en tekorteenhede deur ’n finansiële tussenganger of bank vloei.✓✓

(2 × 2) (4)

3.3 Verbruikersprysindeks uitsluitende rentekoers (1)

3.4 Wanneer die olieprys styg, styg die prys van brandstof soos petrol en diesel ook.✓✓ Dit veroorsaak ’n styging in vervoerkoste. Dit sal die pryse van goedere wat vervoer word, raak en uiteindelik sal die meeste pryse van goedere en dienste styg.✓✓ (4)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Suiwer ekonomiese aanwysers is daardie aanwysers wat deur ekonome gebruilk word om die toestand van die ekonomie van ’n land te beoordeel,✓✓ byvoorbeeld geldeenhede, VPI en rentekoers (enige van hierdie voorbeelde).✓✓
- Finansiële ekonomiese aanwysers is daardie aanwysers wat gebruik word om finansiële markte te beoordeel,✓✓ byvoorbeeld goudprys, olieprys en koringprys.✓✓ (2 × 4) (8)

4.2 Wanneer die algemene prysvlak van goedere styg, sal verbruikers nie dieselfde hoeveelheid goedere kan bekostig wat hulle voorheen kon nie.✓✓ Hul vraag na goedere sal afneem.✓✓ Produksie sal geraak word en mense sal hul werk verloor. Sonder werk sal hulle ander maniere moet kry om te leef, dus sal misdaad toeneem.✓ (5)

4.3
- Britse pond
- Euro
- Jen
- Dollar
- Botswana pula (Enige 4 × 1) (4)

4.4
- Makro-omgewing
- Markomgewing
- Mikro-omgewing (3)

4.5
- Produk – goedere of dienste wat behoeftes en begeertes bevredig.
- Prys – die bedrag wat die mark bereid sal wees om te betaal.
- Promosie – ’n kommunikasiestrategie wat die verbruikers van die beskikbaarheid van die produkte inlig.
- Plek – die verspreiding van die produk wat vir verbruikers toeganklik is.

(4 × 2) (8)

4.6
- Reklame behels die bewusmaking van verbruikers van die bestaan van ’n bepaalde produk of diens.✓✓
- Promosie neem die besigheid en die beeld daarvan na mense toe en verhoog daardeur bewustheid van die handelsmerk en waarde.✓✓ (2 × 2) (4)

4.7
4.7.1 Entrepreneurskap
4.7.2 Kapitaal
4.7.3 Natuurlike hulpbronne
4.7.4 Arbeid

(4 × 2) (8)

4.8
- Wanneer besighede meeding, word produkte meer bekostigbaar en aanloklik.✓✓✓
- Mededinging tussen besighede bring ook ’n groter verskeidenheid produkte en dienste.✓✓✓ (2 × 3) (6)

4.9
4.9.1 Gereelde kragonderbrekings sal veroorsaak dat die produkte wat elektrisiteit nodig het, geraak word, dus moet die eienaar alternatiewe krag oorweeg, soos kragopwekkers of sonenergie.✓✓

4.9.2 Voorsorgmaatreëls moet getref word, wat brandblussers insluit.✓✓

(2 × 2) (4)

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Die plaaseienaars sal hul diere, gewasse en weiding vir diere verloor.

5.1.2 Die werkers kan uiteindelik hul werk verloor of hul wonings kan afbrand.

(2 × 2) (4)

5.2
- ’n Tender is wanneer iemand onderneem om sekere goedere aan die regering te verskaf.
- Verkryging is die proses om ’n staatsverskaffer aan te stel.

(2 × 2) (4)

5.3
- Sulke prosesse word geraak deur nepotisme, waar familielede vir aanstellings verkies word.✓✓
- Die kwaliteit van diensverskaffing is meestal swak, omdat verskaffers nie toegerus is om dit te doen nie.✓✓
- Sommige projekte word onvoltooid gelaat. (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.4 Suid-Afrikaanse Inkomstediens (2)

5.5 5.5.1 R14 700 × 15%✓ = R2 205✓✓ (3)

5.5.2 R14 700 – R2 205✓ = R12 495✓✓ (3)

5.6
- Met die belasting wat ingevorder word, kan die regering paaie, damme, hospitale en skole bou.
- Belasting is die enigste inkomste waarmee die regering staatsamptenare se salarisse en maatskaplike toelaes kan betaal. (2 × 3) (6)

5.7
- Inkomstebelasting
- Eiendomsbelasting
- Invoertariewe
- Brandstofheffing (Enige 4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Enkelvoudige rente: R35 000 × 12% × 4✓✓ = R16 800✓✓ (4)

6.1.2 Saamgestelde rente: R35 000 × 12%✓✓ = R4 200✓✓
(R35 000 + R4 200) × 12%✓✓ = R4 704✓✓
(R39 200 + R4 704) × 12%✓✓ = R5 268,48✓✓
(R43 904 + R5 268,48) × 12%✓✓ = R5 900,70✓✓
= R20 073,18✓✓ (18)

6.1.3 Totale skuld: R35 000 + R20 073,18✓ = R55 073,18✓✓ (3)

6.2
- Jy kan ’n kredietgeskiedenis vestig.
- Transaksies is geriefliker en veiliger as om kontant te gebruik.
- Jy kan vir noodgevalle en moeilike tye voorsien.
- Terwyl jy jou kredietpaaiemente betaal, het jy ’n groter gedeelte van jou inkomste om te gebruik. (4 × 2) (8)

6.3
- Studentelening
- Voertuiglening
- Verband om ’n huis te koop (3)

6.4
- ’n Entrepreneur is iemand wat die risiko neem om ’n besigheid op die been te bring om wins te maak.
- Bestuur is die organisering en beheer van die sake van ’n besigheid.

(2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 145
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou